

Die Storie van Elisabet

God se groot geskenk

1. Inleiding

In 'n samelewing soos Israel, was 'n vrou se waardigheid grotendeels gekoppel aan haar vermoë om kinders te baar. Kinderloosheid het dikwels tot persoonlike swaarkry en publieke vernedering gelei. Elisabet was onvrugbaar. Dit was vir haar 'n lang, swaar en alleen pad, maar tog het sy getrou aan God gebly.

2. Delf in die woord

Lukas 1:5-25, en Lukas 1:39-80.

3. Agtergrond

Beide Elisabet en Sagaria was van priesterlike afkoms. Sagaria moes vir twee weke elke jaar diens doen in die tempel in Jerusalem om sy priesterlike take te verrig. Juis na so 'n geleentheid, kom Sagaria huis toe met verblydende nuus.

4. Geestelike waarhede

a. Elisabet en Sagaria beleef hartseer, al was hulle lewens reg voor God

Lukas 1:5-6 Dit het alles begin by 'n Joodse priester, Sagaria, gedurende die tyd toe Herodes koning van Judea was. Hy was lid van die diensgroep van Abia. Sy vrou, Elisabet, het ook uit die priesterlyn van Aaron afgestam. Sagaria en Elisabet het reg gelewe voor God: Hulle het al die Here se bevele en voorskrifte nagekom. Hulle het niks kinders gehad nie omdat Elisabet onvrugbaar was en hulle albei oud was.

Wat is een van die eerste feite wat ons raaklees? Die feit dat Sagaria en Elisabet reg gelewe het voor God. Ten spyte van hierdie “reg lewe” was daar steeds groot hartseer oor hulle lewe geskryf, een van kinderloosheid.

Jy kan jou indink hoeveel keer hulle voor die Here hiervoor moes pleit: “Here, ons doen alles reg! Hoekom ons?” Wat dink jy het die mense om hulle, ja selfs hulle geloofsgemeenskap, gedink, gepraat en geskinder oor watter sonde hierdie onvrugbaarheid veroorsaak het?

Nogtans was hierdie twee mense “reg” voor Hom, in God se oë.

b. God verhoor Sagaria se gebed

Lukas 1:8-23

Sagaria doen sy diens in die tempel. Die engel Gabriël verskyn aan hom. Hy skrik hom *lam*.

v13 “Moenie bang wees nie, Sagaria, want God het jou gebed gehoor...”

Het jy vandag nodig om hierdie selfde woorde te hoor? “God het jou gebed gehoor.”

Net hierdie wete sou vir Sagaria genoeg gewees het, die wete dat God hom hoor!

Wees vandag verseker dat God jou gebede hoor!

...en jou vrou, Elisabet, sal vir jou ‘n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem.

God gee vir Sagaria en Elisabet ‘n geskenk. Die geskenk van verhoring van hulle gebed. Maar daar is nog, God gee meer as waarvoor hulle gedroom, gehoop of voor gebid het.

v14-17 Julle sal vreugde en jubelende blydskap hê en baie mense sal saam met julle bly wees oor sy geboorte, want hy sal groot wees in die oë van die Here. Hy moet nooit aan wyn of sterk drank raak nie en hy sal nog voor sy geboorte met die Heilige Gees vervul wees. Hy sal baie Israëliete oortuig om om te draai na die Here hulle God toe. Hy sal die gees en krag hê van Elia, die profeet van ouds, om voor die Here uit te gaan om pa’s met hulle kinders te versoen, om ongehoorsames op die regte pad te bring en om so vir die koms van die Here ‘n volk gereed te maak.

Wat ‘n profesie! Wat ‘n belofte! Hierdie geskenk is groot! Hierdie geskenk is meer as wat hulle ooit sou gewaag het om voor te vra. Hulle sou verheug gewees het oor ‘n seun. ‘n Gewone seun, maar die Here vat hulle droom en kom voeg Sy droom by.

In v18 tref twyfel en “realisme” vir Sagaria. Die engel se woorde maak vir hom glad nie sin nie. Sagaria kry dit nie in sy kop uitgeredeneer nie, want hy is oud, sy vrou is oud en al verby haar vermoë om te baar. Niks hiervan maak vir hom sin nie. Hy hoor die droom, maar kyk vas in hulle fisiese vermoë en sien net die beperkinge raak. Hieroor is die engel nie tevrede nie. Sagaria word gestraf met stomheid - tot die geboorte toe. Dit is asof Sagaria se twyfelagtige woorde stil gemaak moet word, totdat die profesie in vervulling gaan.

c. Elisabet gaan in afsondering

v24 “Kort daarna het sy vrou, Elisabet, swanger geword en sy het vir vyf maande in afsondering gegaan”.

Hoe reageer Elisabet? Hierdie belofte gaan in vervulling en sy kies om dit nie in die strate te gaan uitbasuin nie, maar om in afsondering te gaan. Dit is asof sy hierdie ongelooflike geskenk wat aan haar gegee is, mooi wil koester. Asof sy tyd nodig het om mooi te besef hoe groot hierdie God wie sy dien, werklik is. Sy verwerk dit eers alleen saam met God en daarna deel sy dit met mense en geliefdes. Nogal mooi! Sy kies om dit eers saam met die Here te deur te werk - by Sy voete te gaan sit. Hier was beloftes en voorwaardes genoem en sy moet alles mooi deurwerk; mooi verstaan hoe sy hierdie reis gaan aanpak. Sy wil presies verstaan wat die Here van haar as moeder verwag. Sy moes dit begryp en haar eie maak. Hierdie wonderwerk was 'n ongelooflike voorreg en sy wou seker maak dat sy die groot verantwoordelikheid reg hanteer. Sy gee vir haarself tyd dat alles behoorlik insink sodat sy die pad vorentoe “reg” kan aanpak. Sy gaan in afsondering, sodat niemand haar gedagtes, denke of keuses teenstrydig met die wil van die Here kan beïnvloed nie. Sy gaan hoor eers mooi by Hom. Hierdie lewensveranderende gebeurtenis op 'n baie hoë ouderdom, word goed onderlê deur afsondering.

d. God is goed

v25 “Hoe goed is die Here!” het sy uitgeroep, “Hy het my skande van my kinderloosheid van my af weggevat!”

Wat 'n verklaring! En beslis die waarheid! God IS goed!

e. Niks is vir God onmoontlik nie!

Hierna lees ons van Maria en die aankondiging van die geboorte van Jesus wat plaasvind wanneer Elisabet ses maande swanger is. Elisabet en Maria is familie van mekaar. Maria bly so 112km noord van Elisabet.

v36 “Meer nog, jou familielid Elisabet het in haar gevorderde ouderdom swanger geword! Mense het altyd gesê sy is onvrugbaar, maar sy is al in haar sesde maand, want niks is onmoontlik vir God nie.”

Amen! Vandag verklaar ons saam met die engel Gabriël dat niks vir God onmoontlik is nie! Na wat verwys hy as hy dit verklaar? Na God se belofte aan Elisabet. Die

punt is, as God dit spreek, is dit moontlik. As God 'n belofte maak, is die moontlik. Niks is vir God onmoontlik nie. Maar dit gaan oor Sy woord, Sy waarheid en Sy beloftes, nie oor wat ek dink, glo of droom nie.

Maak seker dat jou verwagtings, hoop, drome en besluite in lyn is met God, Sy geregtigheid en Sy waarheid, want daarin is NIKS ONMOONTLIK NIE!

f. Elisabet tree as geestelike moeder vir Maria, die ma van Jesus, op

Hierna kom besoek Maria vir Elisabet en met die eerste groet gebeur die volgende:

v41 “Met die geluid van Maria se groet, het die kindjie in Elisabet se skoot beweeg en Elisabet is met die Heilige Gees vervul.”

Onmiddellike aanklank word deur die Gees bevestig. Hierdie hele verhaal is deur God georkestreer. Die ongebore babas weet dit, die ma's weet dit en die Heilige Gees kom verseël dit. Met die Gees in Elisabet, seën sy vir Maria. Elisabet tree as 'n geestelike moeder vir Maria op en spreek lewe in haar lewe in. Maria is 'n jong vrou van ongeveer veertien jaar oud. Sy is onseker en oorweldig met wat vir haar voorlê. Elisabet kan tyd met haar spandeer, haar mentor en ook vir haar bid. Potensiële woelinge in Maria se gemoed word stil gemaak deur seëngebede en wyse woorde.

v45 “Jy is geseënd omdat jy vertrou het dat die Here sal doen wat Hy gesê het”.

Vandag wil Elisabet ons met hierdie woorde bemoedig. Vertrou wat die Here al vir jou gesê het en wees geseënd.

g. Elisabet se oë bly op die Here gevestig, nie op wat ander om haar ontvang nie

Elisabet het 'n geskenk van God ontvang. Sy is verheug! En kort hierna word sy deur Maria besoek, wie eintlik 'n groter geskenk as sy gekry het!

Hoeveel van ons sou vir 'n oomblik jaloers hierop gewees het? Net 'n bietjie? Gee God dan nie aan almal dieselfde nie? Nee, nie altyd nie. Party se kinders is slim, sportief en hoogs begaafd. Party kan goed voor mense praat. Party het groot bedieninge en ander minder groot. Party word deur die wêreld raakgesien en ander heeltemal oorgesien. Party se mans het groot suksesvolle besighede en ander sukkel voort.

Ons probleem is so dikwels dat ons ander se gawes en geskenke so dophou dat ons ons oë van ons eie geskenk afhaal! God gee aan elkeen, wel verskillend, maar met dieselfde doel – om Hom te verheerlik! Moet nie mis wat die Here in jou hande plaas, omdat jou hart na iets anders verlang nie.

1 Tim 6:6 “Tog is ware godsdiens saam met tevredenheid ’n groot rykdom.”

Elisabet is so bly oor wat sy gekry het, dat sy nie eers ’n greintjie jaloesie koester nie, omdat sy haar oë op die Here vestig. Sy neem wat sy as geskenk by die Here gekry het en besluit om dit ten volle deur te voer. Juis hieroor kon die Here haar gebruik!

h. Elisabet leer vir Maria

Maria bly ongeveer drie maande by Elisabet. Wat ’n voorreg vir Elisabet om as mentor in Maria se lewe te kon inbou. Onthou, Maria is skaars verloof en nou swanger. Sy het baie om te leer van vrouwees, huishouding, huwelik, ens. en God het geweet Elisabet is die een by wie Maria moet gaan leer. Prys die Here! *“Passing on the baton of truth, leaving a legacy, spiritual mothering...”* Die Titus 2-beginsels vind hier plaas. Wat ’n voorreg vir Elisabet.

Maria was skynbaar ook by die geboorte van Johannes die Doper teenwoordig. Sy het gesien en geleer hoe dit gebeur. Dit sou later, toe sy alleen en sonder hulp in ’n herberg in Bethlehem geboorte moes skenk, handig te pas kom.

i. Elisabet het die vermoë, om onder druk, nee te sê

Johannes is gebore. Almal is saam met Elisabet bly. Die profesie van vers 14 word in vers 58 waar:

v14 “Hy sal ’n bron van blydskap en vreugde vir jou wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte,”

v58 “Haar bure en familie het gehoor dat die Here aan haar groot ontferming bewys het, en hulle was saam met haar bly.”

Agt dae na die geboorte moet Johannes besny word. Die familie is by en hulle aanvaar dat die kind Sagaria genoem word, soos die gebruik van die tyd.

Onmiddellik reageer Elisabet en sê:

v60 “Nee! Sy naam is Johannes!”

Daar is groot verwarring, want dit druis teen die kultuur, familiegebruik en tradisies in. Hier sien ons een van die vrugte wat uit Elisabet se tyd van afsondering gespruit het, raak. Sy is sterk en kan vinnig en maklik “nee” sê, want sy het die Here se plan mooi begryp en haar eie gemaak.

j. Sagaria kom in lyn met God se plan en herstel vind plaas

v63-64 “Hy vra toe 'n skryfbordjie en skryf daarop: “Johannes is sy naam.” En almal was verbaas. Onmiddellik het Sagaria sy spraak teruggekry en begin praat en God geprys.”

In vers 63 bevestig Sagaria die kindjie se naam en onmiddellik is sy stomheid weg en hy word ook met die Heilige Gees vervul. Sien hier die herstel raak, sodra Sagaria in lyn met God se plan kom! Sagaria profeteer oor sy seun. Hierdie is 'n pragtige gebruik tussen pa en seun. Daar is vandag nog groot waarde as 'n pa sy kind seën want dit maak die kind se identiteit vas. Daar is ook voorbeelde in die skrif as God sy seun Jesus kom seën en bevestig.

k. As God gee, gee Hy vir 'n groter doel as onself

v80 “Johannes het groot en sterk geword in die Gees. Hy het in die woestyn gewoon totdat hy sy bediening onder Israel begin het.”

'n Laaste gedagte: Johannes het in die woestyn gewoon, nie by Elisabet en Sagaria nie. Dalk was hulle toe al oorlede. Nietemin, hulle moes hierdie groot geskenk wat hulle gekry het, laat gaan. Hulle kon nie vashou aan Johannes nie. Hulle het presies gedoen wat die engel Gabriël se opdrag was. En hierdeur kon die wêreld voorberei op die koms van die Koning.

As God gee, gee Hy vir 'n groter doel as onself. Ons kan nooit vashou aan dit wat Hy vir ons gee en dit vir onself toe-eien nie! Johannes die Doper is vir die wêreld gegee, nie net vir Elisabet en Sagaria nie. God gee - met die doel om die wêreld daardeur te seën. Dit gaan nie oor ons nie. Sy groter plan is altyd om deur ons die wêreld te seën.

Verklaar die volgende: *My bediening is die Here se bediening. My kinders is die Here se kinders. My man is die Here se man. My werk, loopbaan en besigheid is die Here s'n.*

*“Let go, so that God can touch the world
through you!”*

5. Onderzoek jouself

- Wat sê God oor jou lewe? Is jou lewe reg voor Hom?
- Is daar iets wat jy moet bely en aflê?
- Glo jy dat God jou raaksien en jou gebede hoor? Hoe geduldig is jy as Hy jou vra om op Hom te wag?
- Wat het die Here jou al belowe, maar jou woorde is teenstrydig met die woorde van die belofte?
- Hoe gereeld sonder jy jou af om net met God tyd te spandeer? Gaan jy eers na die Here toe om jou vol te maak? Om raad te vra? Om voor te berei vir iets groot?
- Is daar moontlike aanpassings wat jy moet maak, sodat jy jou kan afsonder?
- Glo jy dat God goed is, en dat niks vir Hom onmoontlik is nie?
- Tree jy as ‘n Goddelike mentor op? Is jy bereid om inspraak, lewe en lig vir iemand te wees? Het jy self ‘n geestelike mentor in jou lewe? Vra die Here om iemand vir jou uit te wys.
- Is jy dankbaar vir die geskenke wat God in jou hande plaas? Of is jou fokus op wat ander mense om jou van Hom ontvang het?
- Bied jy weerstand, of is jy oorgegee aan God en Sy wil vir jou lewe om sodoende tot seën vir ander te wees.

6. Besin saam

- Hoe goed ondersteun ons mekaar in die “Wag op die Here” seisoen? Hoe kan ons mekaar beter ondersteun?
- Bespreek as groep of God in vandag se tyd steeds die onmoontlike moontlik kan maak. Deel met mekaar stories hiervan.
- Deel in groepsverband die waarde en behoefde aan geestelike moederskap. Beraam saam ‘n plan om die Titus 2-beginsel binne die groep uit te voer.

7. Delf dieper

Hieronder is skakels na verdere hulpbronne oor die studie van Elisabet. Dit sluit in radio opnames, videos en antwoord kaarte.

<https://www.reviveourhearts.com/study/women-of-the-bible/elizabeth/>

<https://www.reviveourhearts.com/season/a-portrait-of-elizabeth/>

<https://www.reviveourhearts.com/videos/portrait-elizabeth/>

<https://www.reviveourhearts.com/articles/elizabeth-answer-key/>

Hierdie studie is geskryf en verwerk deur Jackie Arndt, jarndt@reviveourhearts.co.za